UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# ETH302S

Mei/Junie 2017

## INKLUSIEWE ONDERWYS A

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE**

EERSTE MEJ G LEDWABA

TWEEDE DR MJ GUMEDE

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

## INSTRUKSIES

**Die eksamen vraestel bestaan uit vyf bladsye.**

**Beantwoord al die vrae**

**BLAAI OM**

**VRAAG 1**

**Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.
Byvoorbeeld: 1.1 WAAR**

1 1 Verskillende leerbehoeftes van leerders kan as gevolg van ontoeganklike en onveilige geboue ontstaan

1 2 In Suid-Afrika is een van die sleutelstrategiee vir die vestiging van inklusiewe onderwys om spesiale skole in al die gemeenskappe te integreer

1 3 Die doel van integrasie is om die sosiale integrasie van leerders met gestremdhede en leerders sonder gestremdhede te maksimeer

1 4 Hoofde van spesiale skole is die enigste mense wat die implementering van inklusiewe onderwys in al die skole in die distrikte kan verseker

1 5 Inklusiewe onderwys dra as mandaat dat ons almal moet erken dat alle leerders dieselfde is met betrekking tot hul gestremdhede

1 6 Onderwysers wat nie behoorlik opgelei is nie, is een van die intrinsieke faktore wat struikelblokke tot leer in die meeste leerders in skole veroorsaak

1 7 Skole moet skoolgereedheidstoetse gebruik om te bepaal of die leerder gereed is vir basiese onderrig

1 8 Betrokkenheid van ouers wat nie lede van die skoolbeheerliggame is nie, kan die implementering van inklusiewe onderwys verhinder

1 9 Maksimering van deelname van alle leerders in skole is slegs moontlik as alle onderwysers glo dat alle leerders kan leer en alle leerders ondersteuning nodig het

1 10 Aanvaarding van insluiting en openbare bewustheid sal noodsaaklik wees vir die ontstaan van 'n inklusiewe samelewing

**[10]**

## VRAAG 2

Definieer die volgende terme

2 1 "Voldiens" skole (2)

2 2 Spesiale skole as hulpbronsentrums (2)

2 3 Hoofstroomskole (2)

2 4 Skoolgebaseerde ondersteuningspan (2)

2 5 Universele ontwerp vir leer (2)

2 6 Leerondersteuning (2)

**[12]**

## VRAAG 3

Volgens die Nasionale Kommissie vir Spesiale Behoeftes in Onderwys en die Nasionale Komitee van Onderwysondersteuningsdienste, ervaar die meeste leerders in skole struikelblokke tot leer Hierdie struikelblokke kan uit ekstrinsieke, intrinsieke, of beide faktore spruit Stem u saam met hierdie stelling? Brei uit deur die volgende te beantwoord

3 1 Definieer die beginsel "struikelblokke tot leer" (2)

3 2 Watter faktore skep ekstrinsieke struikelblokke tot leer soos die Nasionale Kommissie vir Spesiale Behoeftes in Onderwys en die Nasionale Komitee van Onderwysondersteuningsdienste dit geidentifiseer het? (8)

**[10]**

## VRAAG 4

Veranderende houdings, gedrag, en onderrigmetodes is 'n paar van die strategiee wat gebruik kan word om toegang tot kurrikulum vir alle leerders in skole te verseker Stem u saam met hierdie stelling? Brei uit deur die volgende te beantwoord

4 1 Beskryf beginsels van inklusiewe onderwys soos die Witskrif oor Onderwys 6 (DoE 2001) dit beklemtoon (7)

4 2 Onderskei tussen hoofstroom en insluiting (6)

**[13]**

## VRAAG 5

Bronfenbrenner se ekologiese model word as 'n nuttige hulpmiddel in die implementering van inklusiewe onderwys beskou Bespreek die makrostelsel, eksostelsel, mesostelsel, en mikrostelsel van die model en gee twee voorbeelde van elke stelsel **[16]**

## VRAAG 6

Wetlike oorweging is een van die sleutelkwessies om struikelblokvrye onderwys te verseker Brei op hierdie stelling uit deur die volgende te bespreek

6 1 Reg op basiese onderwys (5)

6 2 Reg op gelykheid (5)

6 3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 ingevolge

6 3 1 Toelating en plasing van leerders in skole (5)

6 3 2 Deurlopende afwesigheid van onderwyser as struikelblok tot onderrig en leer (5)

6 4 Bespreek drie faktore wat tot kindermishandeling kan lei (9)

**[29]**

## VRAAG 7

Doeltreffende implementering van inklusiewe onderwys verseker dat elke leerder die nodige ondersteuning ontvang

Bespreek kortliks die kernfunksies van die volgende met betrekking tot die voorsiening van leerondersteuning in skole

7 1 Skoolgebaseerde ondersteuningspan (5)

7 2 Distrikgebaseerde ondersteuningspan (5)

**[10]**

**[TOTAAL: 100]**

**Eerste eksaminator: Me RG Ledwaba**
**Tweede eksaminator: Dr MJ Gumede**

©
Unisa 2017